

## 5.6.010 Kerkplein [Erfnommers 323 en 324 in 1888]

The Hole-in-the-Wall: Skildery deur Henry Croxall Whitehead



[1]

[2]

[3]

[4]

1. Woonhuis van M. Preller
2. Lewis & Marks
3. Onbekende gebou
4. Gaiety Bar en Hole-in-the-Wall

Hierdie is 'n waterverfskildery getiteld "Kerkplein, Pretoria" en is in ongeveer 1888 deur Henry Croxall Whitehead (1859-1928) geskilder. Dit toon die noord-oostelike hoek van Kerkplein en Kerkstraat met die Hole-in-the-wall op die hoek. As mens deur die gat in die muur kyk sien mens 'n boom wat daarbinne groei. Volgens oorlewering het Brodrick ook die eerste aalwyn in Pretoria daar geplant.

Die eerste twee geboue links op die foto het op erf nommer 323 gestaan, en die volgende twee geboue was op erf nommer 324. Die huis op die noordelike deel van erf 323 het behoort aan Mauritz Preller, maar dit is nie seker of hy in 1888 nog steeds daar gewoon het nie [Dun-01, p. 46].

Op die suidelike deel van die erf het Albert Brodrick sy eerste besigheid en ook sy woonhuis gehad. In 1889 het Lewis en Marks op die perseel sake gedoen. Dit is nie bekend of dit nog die oorspronklike gebou van Brodrick is wat ons hier sien nie. Lewis en Marks beskryf hulself as "capitalists"; die bestuurder was Hugo Crawford, die makelaar James Hamilton en die klerk George Gordon Brown [Dun-01, p. 8].

Toe die skildery geskilder is was Brodrick natuurlik nie in Pretoria nie. Volgens Lola Dunston was beide die Gaiety Bar en die Hole-in-the-Wall in 1889 in die selfde gebou op die hoek [Dun-01, p. 8].

### Bronne

Bol-01      Bolsmann, E. 2001. **Pretoria Artist's Impressions 1857-2001**. Pretoria: Protea Boekhuis

Dun-01      Dunston, L. 1975. **Young Pretoria 1889-1913**. Pretoria: Lola Dunston.